The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms and Conditions) without prior permission of the original publisher.

Publication: POTCHEFSTROOM HERALD
Page: 12
Date: Thurs 20 July 2017
AVE (ZAR): 1582.06

NWU Besigheidskool bemagtig vroue tydens gemeenskapsprojek

Die NWU Besigheidskool en CANSA het vanjaar met Tina Scholtz Akademie hande gevat om dames meer in te lig oor borskanker, chirurgie en die verskillende opsies en bystand wat beskikbaar is.

Hierdie oggend was 'n groot sukses en die organiseerders glo van harte dat elke vrou teenwoordig, iets met haar saamgeneem het en ook na dese sal weet hoe om die nodige bors-selfondersoeke te doen.

Die chirurg, dr. Flip du Plooy, het 'n duidelike prentjie geskets oor die chirurgiese opsies wat beskikbaar is tydens mastektomie-operasies en rekonstruksie.

Doreen van der Westhuizen van Reik na Herstel het haar eie ervaring gedeel. Sy het genoem dat daar baie bystand is vir dames in hierdie situasie en dat elke persoon se situasie uniek is.

Dit bly 'n moeilike proses om te aanvaar en te verwerk, maar elke dame moet die nodige bors-selfondersoeke doen en gereeld vir haar jaarlikse ginekologiese ondersoeke gaan, aldus sr. Frances Minné van CANSA.

Sy het ook genoem van die verskillende ondersteuningsmoontlikhede wat deur CANSA aangebied word. CANSA bied op 29 Julie van 09:00 tot 11:00 'n inligtingsessie oor borskanker by die Potchefstroom Akademie aan met gasspreker dr. Liakos.